### Die datum van geboorte

As ons dus 280 dae oftewel 40 weke bytel by 16 Desember 2002, wat ook die tyd is wat `n vrou verwagtend is, kom ons by die datum 22 September 2003 uit. Ten tye van die skryf van hierdie boekie het ons minder as 40 dae oor!

Wat sê ons dus gaan gebeur op hierdie dag? Gaan dit die einde van die wêreld wees, gaan dit Armageddon wees, wat gaan gebeur? Dit wil vir ons lyk of presies dít gaan gebeur wat in die voorafgaande hoofstukke bespreek was, naamlik dat dit die einde sal wees van die verdrukking van JaHWeH se volk hier aan die suidpunt van Afrika.

Dit lyk dus of ons in `n nuwe bestel sal ingaan, waar Sy Woord opgerig gaan word en waar Sy waardes deur `n groep mense uitgelewe gaan word, sonder die inmenging van die bose wêreldmagte. Hulle sal géén invloed hê in hierdie spesifieke gebied nie. Waar hierdie plek in Suid-Afrika geleë sal wees, is nog steeds onbekend, maar dit moet ons nie te veel pla nie, want Hy is in beheer van alles. Lees in **Openbaring 12:6, 14 en 16** wat word van die vrou Sion wanneer die satan op die aarde gaan oorneem vir die tydperk van sy laaste heerskappy.

**2018 terugblik**: Die plek is in ons harte, elkeen se eie innerlike huis en wanneer meer mense met dieselfde uitgangspunt bymekaarkom in die Gees, word dit `n Volkshuis.

*6 En die Vrou het na die wildernis gevlug waar Sy 'n plek het wat* ***deur die Elohim gereed gemaak is****, dat hulle Haar daar sou onderhou duisend-tweehonderd-en-sestig dae lank. [JeHôWshua 4:17; 2 Konings 8:1; JeségiEl 19:10]*

*14 maar die twee Vleuels van die groot Arend is aan die Vrou gegee, sodat Sy na die wildernis, na Haar plek, kon vlieg, waar Sy uit die gesig van die slang/Nagash onderhou word, 'n tyd en tye en 'n halwe tyd. [Boekrol Job 28:20; DaniEl 7:4]*

*16 En die* ***Aarde het die Vrou te hulp gekom****, en die Aarde het haar Mond oopgemaak en die rivier opgesluk, wat die Draak uit sy bek uitgegooi het. [2 Konings 8:1 - 6]*

Daar word dus `n plek gereedgemaak deur Elohim self, ook gebruik Hy die aarde om Hom daarmee te help. Ons hoef dus slegs bekommerd te wees om die Lam te volg orals waar Hy heengaan.

Wees dus oor niks anders bekommerd nie, maak jou hart skoon, verwyder die wraakgedagtes, die hoogmoed, die skinderpraatjies, die onvergewensgesindheid uit jou hart uit en begin `n nuwe lewe waar nederigheid, naasteliefde, sagmoedigheid en geduld die hoekstene van jou nuwe lewenswyse sal vorm.

`n Spesiale woord van waarskuwing aan die Israeliete in Suid-Afrika: Staak die aftakeling van JaHWèshua as Meester oor die Heelal aan wie alle mag oor Hemel en aarde gegee is (**Matthéüs 2:18)**. Hy is nie maar net `n ou verlossertjie wat eendag nog koningskap moet kom kry nie, **Hy is EEN met die Vader**, Hy is ALLES in ALLES. Hy is die alfa en die omega, die aleph en die taf. Sonder Hom, dit wil sê, sonder Sy Woorde is jy gedoem. Hy is die Weg, die Waarheid en die Lewe, sonder Hom is geen lewe nie, nie hier nie en ook nie in die hiernamaals nie.

### Die Boek van Herinnering as meetsnoer

[**Oom Siener van Rensburg**: 6 Maart 1914: "*Die Blou Boek en die Rooi Doek kom na Pretoria."*]

Daar is baie Israeliete wat tans hulle neuse optrek vir die Blou Boek, Die Boek van Herinnering, die vierde Druk, en wat sê dat die boek ongeïnspireerd is. In hierdie boekie sal ons vir u aantoon dat hierdie boek wel in opdrag van Bo geskryf is en dat dit ook `n verdere eienskap besit, naamlik dat die boek gebruik kan word om sekere eindtyd gebeure te meet, dit wil sê, te bepaal.

Daarmee saam sê ons weereens nie dat elke metode wat ons gebruik, korrek is nie, maar wanneer Skrif Skrif bevestig en wanneer `n saak op twee of meer getuies berus, dan sê die Skrif dat `n saak vasstaan (**Deuteronómium 19:15**).

Een van die uitstaande kenmerke van die Boek van Herinnering is dat hy onlosmaaklik deel gevorm het van die Gelofte van Bloedrivier gedurende die periode 1998 tot 2001. Vir vier agtereenvolgende jare is die Boek van Herinnering elke keer op 16 Desember as `n spysoffer vir JaHWeH aangebied. Die eerste keer was slegs die Wet voltooi, daarna was die verskillende drukke elke keer aangebied totdat die finale uitgawe, die Vierde Druk, wat herset was en wat presies 880 bladsye beslaan, aan Hom voorgelê is.

Waarom hierdie boek parallel met die Gelofte moes loop, was aanvanklik nie vir ons so duidelik nie, maar gaandeweg het Vader meer en meer aan ons deur Sy Gees geopenbaar. Die eerste openbaring was dat die syfer 16, vir die dag van die Gelofte, sowel as die syfer 64, vir die aantal waens te Bloedrivier baie belangrik was. Ook is die syfer 8 dus ook baie belangrik, want dit simboliseer die nuwe dag, die agste dag, en ook is 8 die syfer van ons Messias wat vir ons opgestaan het uit die dode en op die 8ste dag (eerste dag van die volgende week) met Sy 40 dae predikasie begin het.

As ons `n elementêre sommetjie gaan doen, sien ons dat 8 + 8 = 16 en 8 x 8 = 64. Dit simboliseer die ware 8 se stryd teen die antichris, die vals 8. Dus is dit hieruit bewysbaar dat die destydse

Gelofte nie somaar net gebeur het nie, maar presies deur JaHWeH self beplan was, so ook die feit dat die Boere 7 dae vantevore begin het met hul Gelofte-aflegging. Hoe kon hulle toe geweet het dat `n Gelofte wat "gesewe" is, kragtig en onbreekbaar is.

Terug by die Boek van Herinnering: Die eerste openbaring wat ons gekry het om `n suiwer Skrif daar te stel, sonder die suurdeeg van die teoloë en die vertalers (**Jesaja 43:27**), is vir ons gegee in **Maleagi 3:16**:

*16 Toe het die wat JaHWeH vrees, met mekaar gespreek; en JaHWeH het dit opgemerk en gehoor, en daar is 'n **Boek van Herinnering** voor Sy Aangesig geskrywe vir die wat JaHWeH vrees en Sy Naam Eer. [Odes van Salomo 23; Boekrol van Henog 99:3; JeshaJaH18, 23; 66:4; JeségiEl 4:13; 36:23; 38:7]*

Let op dat dit `n **vers 16** is en dat die bladsy waarop dit nou in die Vierde Druk voorkom, **bladsy 754** ook optel na 16. Toevallig!? Kom ons kyk verder:

In **Openbaring 1:16 en 2:16** word gepraat van die skerp tweesnydende swaard wat uit ons Meester se mond uitgaan, wat ook Sy woord is. Ook hierdie twee verse staan op **bladsy 871** wat someer na 16. Daar is nog vele sulke netjiese "toevallighede", maar die volgende bewys sal elke skeptikus tweekeer laat dink.

Nadat ons bewus geword het van hierdie verwysings na die syfer 16, het ons gaan kyk na die 16de boek in die Boek van Herinnering, en `n aanname gemaak dat hierdie boek iets besonders vir ons volk moet sê. Die 16de boek was die Tweede Boek van Makkabeërs en is geplaas op bladsy 385 wat ook weereens optel na 16!

Wanneer hierdie boek gelees word, en u neem in ag dat Egipte in profesie verwys na Afrika, en wel na die gedeelte suid van die riviere van Kus (wat voorheen onbekende gebied was), sien u dat daar talle ooreenkomste is met ons volk en met ons land. Die wegdoen met apaeid, die aankleef van die sportgod, die wegbeweeg van die Wet, die verderflike baälpriesters wat tans op die volk se kansels staan, word presies so verhaal, en die Judeërs wat die boek geskryf het, waarsku ons, die broers in Egipte (Afrika) teen hierdie euwels wat ons aan die einde te beurt sal val. Ook word baie gesê oor die ontheiliging van die volk se heiligdomme (apaede) oftewel hulle gewyde plekke, waarvan Bloedrivier een is.

As ons dan aanneem dat hierdie boek vir ons ou volkie geskryf is, kom ons gaan kyk wat in hierdie Tweede Boek van Makkabeërs, die 12de hoofstuk (vir die 12de maand, Des) die 16de vers (vir 16 Desember) staan. Let wel dat die 12de hoofstuk weer op `n bladsy 394 val wat optel na 16!

**2Makkabeërs 12:16:**

*16 Omdat dit die wil van Elohim was, het hulle die stad ingeneem. En hulle het so `n onbeskryflike slagting aangerig, dat dit gelyk het of die nabygeleë meer, wat twee stadiums breed is, **met bloed gevul is**.*

Wil u nog sê dat die Boek van Herinnering nie geïnspireerd is nie? Wil u nog sê dat die Boek van Herinnering nie gekoppel is met die lotgevalle van die Boerevolk nie, met Bloedrivier nie!? Watter statistiese kans is daar dat hierdie bogenoemde voorbeelde toevallig kan wees? Ek weet van slegs een ander slag waar die water met bloed gevul was, naamlik die slag van Bloedrivier.

Noudat ons dus weet dat hierdie boek vir ons gegee is aan die eindtyd, laat ons verder gaan kyk na die boek Sagaria (ZekarJaH) oor hierdie Boek van Herinnering wat ook `n meetsnoer is waarmee ons aanstons gaan begin meet. In **ZekarJaH 1:16** staan geskrywe:

*16 Daarom, so sê JaHWeH: Ek wend My met Ontferming tot Jerusalem; **My Huis sal in haar gebou word**, spreek JaHWeH van die skeppings-leërmag, en 'n meetsnoer sal oor Jerusalem gespan word.*

Ons het mos vroeër gelees van die Sionshuis wat in Jerusalem gebou sal word, en nou profeteer ZekarJaH van `n meetsnoer (meetinstrument) wat gespan sal word oor die huis. Die detail van die meetsnoer word vir ons in **ZekarjaH 5:1-2** gegee.

*1 EN ek het my oë weer opgeslaan en gekyk - daar was **'n versluierde [Boek]rol**. [JeshaJaH 25:7]*

*2 En hy het vir my gesê: Wat sien jy? Toe antwoord ek: Ek sien 'n versluierde [Boek]rol, haar lengte is twintig voorarm en haar breedte tien voorarm. [JeshaJaH10 - 21]*

Ons sien dus `n versluierde Boek wat `n oppervlaktemate het van 20 el by 10 el. (een voorarm is die ou meeteenheid, naamlik een el)

Volgens die Logos se gewigte en mate rekenaar is een el = 0,524m.

Dus is die area = 20(0,524) x 10(0,524) = **55 m2**.

As ons nou na die Vierde Druk van die Boek van Herinnering gaan, wat `n totaal van 880 bladsye het en ons neem die area van een A4 bladsy as: 0,297m x 0,210m sien ons die volgende:

Totale Area = 0,297 x 0,210 x 880 = **55m2**

Hierdie Boek se area korreleer een honderd persent met die area van die versluierde boek van **ZekarJaH 5**! Is dit menslik moontlik? Ek kan u waarborg dat hierdie kennis eers bekom was meer as drie maande nadat die Boek van Herinnering, Vierde Druk, alreeds klaar gedruk was. Ons as uitgewers het dit verseker nie so bekonkel nie.

Weereens `n vaste bewys vir die skeptici dat JaHWeH se Gees enduit met hierdie Boek betrokke was, want ons mensies is heeltemal te onnosel om ooit so iets op ons eie te kon gedoen het.

Waarom nou die ellelange berekeninge om te bewys dat die Boek van Herinnering `n meet-instrument is? Eenvoudig, ons gaan nou sekere eindtydgebeure met hierdie Boek se bladsy nommers kontroleer en dan gaan ons aannames daaruit maak.

# Lesing 30.03.2018 - Pasga by Filadelfia Ark

***JôWsef gaan om hul te laat inskryf.***

**Oerevangelie van Jakobus 17:1** EN 'n bevel het uitgegaan van keiser Augustus dat almal wat in Betlehem in JeHûWdah behoort het, ingeskrywe moes word.

1a En JôWsef sê: Ek sal my seuns laat inskryf, maar hierdie meisie, wat sal ek met haar maak? Hoe sal ek haar laat inskryf? As my vrou? Maar ek is skaam! As my dogter? Maar al die kinders van JisraEl weet dat sy nie my dogter is nie. Die dag van JaHWeH self sal dit bewerk soos JaHWeH dit wil.

2 En hy het die eselin opgesaal en haar daarop laat sit, en sy seun het haar gelei en JôWsef het gevolg.

2a En hulle het tot op drie myl [van Betlehem] genader en JôWsef het hom omgedraai en gesien dat sy **treurig** was, en hy sê by homself: Miskien is dit wat in haar is wat haar terneerdruk.

2b En JôWsef draai hom weer om en hy sien haar **lag**. En hy sê vir haar: Mirjam, wat is dit dat ek jou gesig nou **laggend en dan weer treurig** sien?'

2c En Mirjam sê vir JôWsef: Omdat my oë **twee volke** sien; een wat **ween en rouklaag** en 'n ander wat **jubel en vreugde** bedryf. *[Génesis 25:23]*

3 En toe hulle halfpad kom, sê Mirjam vir hom: Tel my af van die eselin, want wat in my is, pers my omdat dit te voorskyn wil kom. sal ek jou nou neem om jou skande te verberg?

## Mattheus 26:26

26 En terwyl hulle eet, neem JaHWèshua die Brood, en nadat Hy gedank het, breek Hy Hom en gee Hom aan Sy studente en sê: Neem, eet, **Hy is My liggaam**. [Boekrol van die Opregte 16:11]

27 Toe neem Hy die Beker, en nadat Hy gedank het, gee Hy Haar aan hulle en sê: Drink almal uit Haar.

28 **Want Sy is My Bloed**, die Bloed van die Nuwe Verbond, wat vir **baie** uitgestort word tot vergifnis van oortredinge. [Psalm 30:9]

## Vrydag 23 Maart 2018
## Leonore Jansen van Vuuren Visioen

Ek het Henog 34 gelees en skielik staan ek op 'n baie hoë berg, hoër as Tafelberg, in die teenwoordigheid van ons Vader Jahweh. Ek het Hom gevra hoekom staan ek so hoog bo die aarde. Toe sê Vader Jahweh vir my gaan sê vir My volk ek gaan hulle beskerm en Hy sê ook vir my Hy gaan my wys wat gaan gebeur met die komeet se stert wat aarde toe kom.

Volgende oomblik wys Hy my die stert met al sy rommel, groot rotse en een van die rotse breek los en tref die aarde en veroorsaak een massiewe tsunami. Ek sien groot dele van die aarde onder water, Suid-Afrika se kuslyn is ook onder water.

Ek sê toe vir Vader as soveel goed die aarde gaan tref, hoe gaan Vader Sy volk in Suid-Afrika kry. Hy wys toe vir my massiewe Engele ek skat hulle was ongeveer 30m lank gewees, want waar ek gestaan het op die berg, kon ek net hulle bolywe sien. Die Vader wys vir my hulle vlerkspan en sê vir my kyk nou wat ek vir jou gaan wys, Hy beveel my om na hulle vlerke te kyk en sê: "Dis hoe Ek My nasie gaan red."

In hulle vlerke het ek hordes mense gesien, soos die een gaan is die ander een reg om die volgende klomp mense te vat. Die engele het die mense Filadelfia Ark toe gebring. **Ek het die naam Filadelfia Ark baie duidelik gesien.** Onder die mense was meeste maar net kinders gewees, omrede die ouers nie reg was nie. Orals waar ek op Filadelfia Ark kyk, het ek wit tente gesien.

En toe is ek terug in my bed.

## Die Fees van die Eerstelinge

**Lev 23:9** En JaHWeH het met Moshè gespreek en gesê:

Lev 23:10 Spreek met die kinders van JisraEl en sê aan hulle: As julle in die Aarde kom wat Ek julle gee en haar oes afoes, moet julle **die Eerstelingsgerf** van julle oes na die priester bring.

Lev 23:11 En hy moet die Gerf voor die Aangesig van JaHWeH wuif, sodat Hy vir julle 'n Vreugde kan wees; **die dag ná die Sabbat** moet die priester Hom wuif.

Lev 23:12 Julle moet ook op die dag as julle die Gerf wuif, 'n **jaaroud-lam** wat raseg is as brandoffer aan JaHWeH berei,

Lev 23:13 en die spysbydrae wat by hom behoort, twee-tiendes [van 'n efa] **fynmeel met olie** gemeng deur vuur berei aan JaHWeH, 'n aangename geur, en by hom die **drank van wyn**, 'n kwart-hin.

Lev 23:14 En julle mag **geen brood of gebraaide koring van vars graan eet** tot daardie selfde dag toe nie, totdat julle die bydrae van julle Elohey bring. Dit is 'n ewige Insetting vir julle geslagte in al julle woonplekke.